

20 Januarie

**Skrifgedeelte: Levitikus 27 (OAV)
Fokusgedeelte: Levitikus 27:1; Prediker 5:1-6**

Belofte maak skuld

“Al my geloftes, uitgespreek in nood, sal ek betaal as ek voor U mag nader”. Sonder om te dink, sing ons hierdie bekende Psalmvers (Ps 116). ‘n Gelofte kan soms ‘n teken wees van ‘n ootmoedige geloof, maar soms ook ‘n gebrek aan vertrouwe. Die heidene doen allerlei geloftes aan hulle afgode, maar ook Christene belowe allerlei dinge aan die Here om Hom as ‘t ware om te koop, om tog maar gered te word uit ‘n nood waarin hulle dikwels deur eie toedoen beland het.

Prediker 5:4 sê: “Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie”. Die Here sê: Belofte maak skuld! Ek weet dat jy in die nood aan My allerlei belofte het, kom dan na my huis, verskyn voor my Aangesig sodat ons afrekening kan hou...! Hoeveel is jou lewe en jou goed vir jou werd? Vyftig sikkels ... twintig miskien? Ek maak die onbetaalbare wat jy sommerso vir My in ruil vir My hulp aangebied het, betaalbaar.

En soos dit met jou lewe is, is dit ook met jou besittings: alles behoort aan My. Maar Ek sal dit betaalbaar maak: gee My maar ‘n tiende van alles wat my land oplewer. En as jy in jou benoudheid van jou orige besittings aan My verpand het, gaan praat met die priester en hy sal in my Naam die dinge met jou regmaak, sodat jy weer met ‘n blye en geruste hart voor my Aangesig kan verskyn.

Ja, maar ons begryp wel dat die uiterlike skuld nie al die skuld is wat ons het nie. Wat van ons sondeskuld? Dié kan ons tog nie met geld betaal nie? Nee, maar het julle dan in hierdie hele boek met al sy voorgeskrewe offers en seremonies nie die Verlosser se beeld gesien nie?

Sing: Psalm 116:7,8

Ds LH Stavast (Emeritus)